

## DIE NORMERING VAN AFRIKAANSE BYBELTAAL

C.J. Conradie

### 1 Inleiding

As belangrike attribute van die meeste Afrikaanssprekendes is al benewens hulle taal, Afrikaans, hulle Calvinisties-Protestantse lewensbeskouing genoem. In hierdie beskouing neem die Bybel 'n sleutelposisie in as dokument wat uitsluitel moet gee oor die leer of dogma van die Kerk en vir sy lesers as daaglikse inspirasie moet dien. 'n Afrikaanse Bybelvertaling sluit by albei hierdie attribute aan; om hierdie rede was die totstandkoming van so 'n vertaling nog altyd vir minstens hierdie groep van besondere belang: dit moes enersyds volgens die hoogste norme geskied en oefen andersyds 'n sterk normatiewe invloed uit.

'n Amptelike Bybelvertaling impliseer 'n hele netwerk van normerende instansies, persone, faktore en invloede. In die eerste aantal paragrawe hieronder word persone en instansies se normatiewe rol ten opsigte van vertalings --- die opdraggewers en hulle opdragte, die S.A. Akademie en sy Taalkommissie, vertalers en taaladviseurs en die Bybellesende publiek --- nagegaan. Dan word gekyk na normatiewe faktore soos die onderliggende vertaalteorie en -opvattinge, die normatiewe rol van 'n ander taal en die toenemend normatiewe rol van Afrikaans self. Ten slotte word gekyk na 'n aantal norminhoude (met enkele voorbeelde van norme) en word 'n kort beskouing oor die belangrikste normeringsverskille tussen die vertalings gegee.

'n Historiese benadering word gevolg omdat dit 'n groter blik op die normeringspektrum bied. Die normkompleks wat op 'n bepaalde vertaling van toepassing is, word meermale minstens gedeeltelik deur 'n vorige vertaling gedetermineer. Vertalings uit die G.R.A.-tydperk word om dié rede ook betrek.

Dat die pad van die Afrikaanse Bybelvertaling normatief gesproke nie altyd met rose besaai was nie, kan kortliks geïllustreer word aan die hand van die volgende normatiewe teenstrydighede wat oorkom moes word:


--- Die Afrikaanse Bybel moet sy boodskap in duidelike, alledaagse Afrikaans kan oordra maar is vir sy aanvaarding van 'n konserwatiewe leserspubliek afhanklik.

--- Die Bybel moet uit die grondtale vertaal word maar terselfdertyd duidelik "'n kind van" die Statebybel wees.

--- Afrikaanse Bybeltaal moet (om nie verwaterde Nederlands te wees nie) die Afrikaanse spreektaal weergee maar terselfdertyd verhewe Bybeltaal wees.

--- Die Bybel moet sy "Oosterse koloriet" behou maar terselfdertyd verstaanbaar wees.

Die volgende skema sal die samehang van die normeringsfaktore wat hieronder behandel word, oorsigtelik maak.



## 2 Opdraggewers en opdragte

Die Genootskap van Regte Afrikaners se opdrag aan S.J. du Toit was volgens Von Wielligh (soos aangehaal deur P.J. Nienaber (1934:29)) "om die Afri-

kaanse vertaling direk uit die ou tale te maak met raadpleging van die Hollandse Statevertaling". Hy moes hoofsaaklik die nuwe Engelse vertaling volg. Al is daarna besluit dat hy nie uit die oorspronklike sou vertaal nie maar die Statevertaling sou volg, omdat gevrees is "dat 'n vertaling wat afwyk nie as gesaghebbend beskou sou word nie" (aangehaal in (Rautenbach 1980:64)) het hy laasgenoemde opdrag genegeer maar nietemin die Statevertaling as hulpmiddel gebruik (Rautenbach 1980:ii).

Rautenbach (1980:73-4) wys daarop dat wat die eerste amptelike vertaling betref die sinodes geen stylvereistes gestel het nie en die vormgewing van die inhoud aan die vertalingskommissie oorgelaat het. Die Breë Kommissie besluit in 1916 (P.J. Nienaber 1934:94):

"Die Statevertaling word geneem soos hy is en oorgesit in Afrikaans, met noukeurige raadpleging van die grondteks met die oog op verduideliking in kanttekeninge."

Wat die 1933-vertaling (en spesifiek die Nuwe Testament) betref, wys B.B. Keet (1951:13) daarop dat die vertalers 'n kerklike opdrag gehad het waarvolgens hulle dieselfde grondteks (naamlik die Textus Receptus) moes vertaal as wat vir die Statevertaling as grondteks gedien het en dat die vertaling ook volgens die Statevertaling moes geskied (met behoud van die "Oosterse spreekwyse") en dat "waar daar enige onsekerheid omtrent 'n bepaalde vertaling sou ontstaan, die Statevertaling vir die Afrikaanse Bybel die deurslag moes gee". Wat die hersiening van die Nuwe Testament betref, sê Keet (t.a.p.) dat dit nog op dieselfde grondslag staan: die kerke het geen nuwe opdrag gegee nie.

Na die hersienings van die tydperk 1953-6 is aan 'n grondige hersiening gedink, maar in 1968 is besluit om 'n nuwe vertaling te onderneem. Die opdrag van die Bybelgenootskap van S.A., met die instemming van die kerke, aan die vertalingskommissie, was "om met die aanwending van die jongste resultate van die navorsing 'n vertaling in die omgangstaal voor te berei, gegrond op die hedendaagse grondteks en bewerk volgens die beginsels van die vertaalwetenskap" (Groenewald 1975:19).

### 3 Die S.A. Akademie en sy Taalkommissie as amptelike normeringsinstansie

Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat in 1909 tot stand gekom het, word deur G.S. Nienaber (1962:63-4) as "die hoogste en enigste taalliggaam van ons land" beskryf; in opdrag van hierdie liggaam --- en veral deur sy Taalkommissie --- word sedert 1915 die *Spelreëls* en sedert 1917 die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* uitgegee en ander taalvraagstukke behandel. Op grond van dokumente van en 'n onderhoud met D.J.C. Geldenhuys, hoofsekretaris van die Akademie, stel Die Kerkbode van 9 Maart 1983 in sy hoofartikel dat die Akademie "reg uit die staanspoor ... bereid (was) om diegene wat met die vertaling van die Bybel in Afrikaans gemoeid was met raad en daad by te staan" en dat die vertalers se verhouding met die Akademie nog altyd "hartlik" was. Die Akademie het in 1925 D.F. Malherbe, T.H. le Roux, S.P.E. Boshoff en J.J. Smith as taaladviseurs aangestel, in 1959 G.S. Nienaber en H. Venter as taaladviseurs benoem en in 1971 W. Kempen, W.E.G. Louw, G.S. Nienaber en H. Venter as taal- en styladviseurs aanbeveel. Behalwe deur middel van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* en die taaladviseurs het die Akademie "nooit enige rekenskap van die Bybelvertalingskommissie gevra, of kontrole oor die vertaalwerk uitgeoefen in die sin dat vertalings aan die Taalkommissie voorgelê is nie".

Die vertalers wat aan die amptelike vertalings meegewerk het, het op hulle beurt nog altyd die gesag van die Akademie eksplisiet en implisiet erken. Hulle besluit byvoorbeeld in 1920 om die nuwe spelreëls formeel aan te neem (P.J. Nienaber 1949:21). In 1933 meld Die Kerkbode dat die vertalers se werk "aan die oordeel van letterkundiges, lede van die Akademie van Kuns en Lettere, onderwerp (is), sodat ons moet veronderstel dat die werk die toets van die taalmense sal kan deurstaan" (aangehaal deur Rautenbach (1980:82)). Keet (1951:13) noem as "eerste voor die hand liggende taak" in die hersiening "om die spelling na die eis van die jongste spelreëls te wysig" en hy sê: "die vertalers hou hulle (soveel moontlik!) by die spelreëls van die Akademie".

Die spelling van klassieke eiename gee vroeg in 1983 aanleiding tot 'n insident wat heelwat lig op die verhouding tussen Akademie en vertalers en op die invloed van die Bybel werp. Uitgewers van skoolhandboeke beweer in berigte in *Besid* van 16 Februarie 1983 dat dit miljoene kan kos om hulle boeke in ooreenstemming met die nuwe vertaling te bring, wat hulle nodig ag omdat "in Bybelvertaling groot gesag dra". Wat die saak in 'n ernstiger lig

stel, is die koerant se bewering dat die Taalkommissie "feitlik geen regstreekse inspraak gehad het in so 'n belangrike onderneming as die vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans nie". (Die voorsitter van die Akademieraad, C. Fensham, verduidelik egter in Die Kerkbode van 16 Maart 1983 dat die lys klassieke eiename nog nie amptelik goedgekeur was deur die Akademie nie en dus nie in sy finale vorm aan die vertalingskommissie beskikbaar gestel kon word nie.) Verdere standpunte kom in Beeld van 19 Februarie 1983 ("Uitgewers nie gerusgestel") na vore. Volgens F.F. Odendal, voorsitter van die Taalkommissie, wil hierdie liggaam nie voorskrywend wees nie: waar navorsing oor voorkoms en gebruik aantoon dat meer as een vorm gangbaar is, word hulle as oorgangsmatreël as wisselvorme erken totdat sommige alternatiewe self uitsterf. Die voorsitter van die vertalingskommissie, E.P. Groenewald, se standpunt is weer dat die Bybel "geen handleiding vir taalgebruik" is nie. Een uitgewer meen egter:

"Die Bybel se vorm gaan die deurslag gee omdat sy gesag as die mees gelese boek in Afrikaans so enorm is".

Volgens 'n hoofartikel in Beeld, ook van 19 Februarie 1983, is 'n Bybelvertaling

"in staat om 'n norm neer te lê vir wat goeie taal en styl is; dit skep uitdrukkings en laat dit in die volksmond voortleef. Die spelvorme wat dit aanvaar, word noodwendig die algemene spelvorm".

'n Ander vertaler, B. Oberholzer (vergelyk (Van der Linde 1983:5)), stel dit nog sterker waar hy in verband met die spelling van eiename beweer:

"Selfs die gesag van die Akademie sou nie genoeg wees om die nuwe rigting die nek in te slaan nie."

Hy laat blyk verder dat wat die transkripsie van eiename betref die 1933-vertaling nou by die Statevertaling aansluit, wat op sy beurt weer by die Latynse Vulgaatvertaling aansluit. Die nuwe vertaling volg die voorbeeld van nuwe Nederlandse en Duitse vertalings en naamlyste; die grondslag van die nuwe transkripsie was in werklikheid 'n naamlys van die Duitse Bybelgenootskap. Die Akademie se lys is uiteindelik wel ontvang en ses transkripsies is daarby aangepas.

Enkele punte wat hieruit na vore kom, is dat die Akademie op grond van gesag normeer, die Bybelvertaling deur sy invloed. As gevolg van sy invloed word 'n normatiewe rol noodwendig aan die vertaling toegedig. Dit maak 'n Bybelvertaling enersyds normafhanklik maar andersyds normgewend. Ons kan ook beweer dat die publiek van 'n bepaalde liggaam of publikasie 'n normverwachting kan hê wat nie noodwendig met die instansie se eie normatiewe doelstellings of werkswyse ooreenstem nie.

#### 4 Vertalers en taaladviseurs as eksplisiete normeërders

Sommige vertalers en opdraggewers het van tyd tot tyd taalnorme eksplisiet geformuleer. Die G.R.A. gee byvoorbeeld in 1885 aan S.J. du Toit opdrag om deurgaans die oorspronklike tale te raadpleeg en hom soveel moontlik aan die oorspronklike uitdrukkings en idioome te hou, vir 'n bepaalde woord in die oorspronklike steeds dieselfde Afrikaanse woord te gebruik en "skryf soos jy praat" as "spelreël" te hanteer maar *U/Heu/Soon* vir God of Christus te gebruik (Nienaber 1934:29-30). In 'n sekere sin tree Du Toit egter as sy eie taaladviseur op deur grammatikabeginsels wat deur hom en andere geformuleer is (Genootskap van Regte Afrikaanders 1876, Du Toit 1897), byvoorbeeld oor die historiese presens as gewone Afrikaanse tydsvorm, *worde* as *inf.* en *werd* en *had* as imperfekta in Afrikaans, so konsekwent moontlik in sy vertalings toe te pas.

Die vertalers van die eerste amptelike vertaling neem in 1918 enkele beslissings soos om *Hom*, *U*, *Soon des Mensen* en *Soon van God* (teenoor *seun* elders) met betrekking tot God en Christus te gebruik (Nienaber 1934:82). In 1920 besluit hulle onder meer om platheid en omskrywing te vermy en nie Nederlandse woorde te behou wat tot misverstand aanleiding kan gee nie (Nienaber 1934:87-8).

J.D. du Toit (Totius) se aandeel in die totstandkoming van die 1933-vertaling was nie alleen buite verhouding groot nie, maar lê in verskillende dimensies van die onderneming. Die sekretaris van die vertalers, L.J. du Plessis (1953:19), stel dit selfs onomwonde dat "die finale teks van die ganse Bybelvertaling tot by die proeflesing en verder hoofsaaklik deur Totius bepaal is", en volgens P.J. Nienaber (1953:21) het hy "die toon aangegee in die vergaderings", "die vernaamste taalreëls opgestel" en "die eenvormigheid van die Bybelstyl bepaal", en is "haas alle konsepte en stukke vir publikasie ... deur hom opgestel". Du Plessis (1953:16) sê dat

hy onder die Bybelvertalers "in die meeste gevalle die beslissende woord gespreek het, sowel tot die onderneming van die werk self as met betrekking tot die organisasie en die beginsels en metodes daarvan, dat die tradisionele teks gehandhaaf sou word en dat die taalvorm werklik Afrikaans sou wees en nie half-Nederlands nie, hoewel ook nie met die 'platheid' van die 'Patriot'-vertaling nie".

Die normatiewe werksaamheid van J.D. du Toit vind neerslag in 'n geskrewe verslag wat op 7 Augustus 1924 voor die Breë Kommissie gelewer is (in (P.J. Nienaber 1934:121-7) en (1949:15-8) aangehaal) en 'n alfabetiese lys van probleemwoorde (par. 9 hieronder). Die verslag stel eers die beginsel dat wat woordkeuse en sinsbou betref "soveel moontlik met die Statevertaling rekening gehou (moet) word" in soverre dit "bestaanbaar is met 'n korrekte vertaling en die eise van 'n suiwere Afrikaans". As motiverings word gegee die feit dat die Statevertaling plaaslik as so gesaghebbend beskou word en "die woorde en klanke daarvan ... by ons volk bekend en gelief is". Die feit dat die Statevertaling "op baie punte verouderd is" noodsaak egter sekere afwykings daarvan in die Afrikaanse vertaling. Die verslag is vir die grootste gedeelte 'n poging om die graad en wyse van afwyking in soveel besonderhede te beskryf dat die afwyking nie "willekeurig" is nie maar "die merk van vastheid en wetenskaplikheid dra". Die Statevertaling kan byvoorbeeld 'n fout bevat (Gen. 37:19); die Statevertaling kon van sy eie voorskrifte om die Hebreërs en Grieke se manier van praat weer te gee, afgewyk het; die Nederlands kan vereenvoudig word (byvoorbeeld *heerschappij* voeren tot *heers*); die Statevertaling se woord kan in Afrikaans onbekend wees of "'n verkeerde opvatting in die hand werk"; daar is sinsbouverskille tussen die tale (byvoorbeeld ten aansien van die *refleksief* en *passief*); sekere begrippe was nie vir die Statevertalers duidelik nie (in Fil. 1:13 moet in plaas van *rechthuis* staan: *keiserlike wag*); daar moet "soveel moontlik onderskeid ... gemaak word tussen wat vaststaat en wat nog maar as opinie van enkele geleerdes bekend is". Die volg van die (minder aanvaarbare) *Textus Receptus* as grondteks vir die Nuwe Testament word gemotiveer op grond daarvan dat "ons Statevertalers dit gedoen het". Verder word beleid bepaal in verband met sekere veel voorkomende verskynsels.

Die taaladviseur's het nie onafhanklik van die vertalers tot die opstel van voorskriftelike stukke oorgegaan nie. Wel het hulle inset sedert 1916 tot die verskynning van die 1983-vertaling steeds toegeneem. Volgens P.J. Nienaber (1949:12-3) is daar feitlik geen spoor van hulle bydrae in die "tweede tydperk" nie maar begin hulle invloed veral na 1925 sterk deurwerk

en stel hulle baie verbeterings voor. In die tweede halfeeu van Bybelvertaling het dit al hoe meer gebruiklik geword dat vertalers hulle opvattinge, probleme en werkswyse in kerklike en nie-kerklike blaaie uiteensit en verdedig.

## **5 Die Bybellesende publiek as normeringsfaktor**

Dit is te verwagte dat die vertaler sy taalgebruik sal aanpas by die behoeftes van die teikengroep --- diegene vir wie die vertaling bestem is. Ons moet hier in gedagte hou dat die teikengroep nie 'n konstante gegewe is nie. Hulle het byvoorbeeld in die loop van die vertalingstydperk in 'n hoë mate verstedelik en houdings ten opsigte van Afrikaans het radikaal verander. Hulle beoordeel 'n nuwe vertaling in terme van die verskillende vertalings waaraan hulle gewoond is, byvoorbeeld die Statevertaling of die 1933-vertaling. Die teikengroep kan die vertaler beïnvloed deur sy siening van hulle en deur die reaksie op 'n vorige vertaling, byvoorbeeld deur briewe aan die pers en die verkope daarvan. Hierdie twee wyses van beïnvloeding word agtereenvolgens bespreek.

### **5.1 Die vertaler se bepaling van die teikengroep**

A. Pannevis het 'n vertaling vir "het eenvoudiger gedeelte der bevolking" en veral "de gekleurde bevolking" in gedagte gehad (Nienaber 1934:16) --- C.P. Hoogenhout miskien in sy eerste vertaling ook, maar in sy Markusvertaling rig hy hom hoofsaaklik tot die "konserwatiewe Boere-aristokrasie" (G.S. Nienaber, soos aangehaal deur Uys (1983:240)). Die Afrikaner, vir wie sy vertalings bedoel is, word deur S.J. du Toit (1889:3) as "verstandelik seer verwaarloos en veragterd" beskryf.

Tot voor die tydperk van die nuwe vertaling is die 20e-eeuse leser as basies behoudend gesien --- Keet (1951:13) verwys byvoorbeeld na die "sterk konserwatiewe trek van ons Afrikaanse godsdienstige lewe". Hiermee hang saam die deurlopende beklemtoning van "verhewenheid", "plegtigheid", "deftigheid" of "gedraenheid" as ideaal vir die Bybelstyl (vergelyk onder meer (H. Venter 1958)). Die Bybel word egter ook gesien as 'n volksboek wat "veral vir die jonger geslag" bedoel is (S.P.E. Boshoff, soos aangehaal in (P.J. Nienaber 1949:23)).

E.P. Groenewald (1969:195) sê van die 1933-Bybel dat dit "op die voorpunt gestaan het van die nuwe beweging om die Woord van God aan die na-oorlogse mens aan te bied in die taal wat hy praat en verstaan". Groenewald (1969:197-8) toon hom wat ons eie tyd betref bewus van 'n "komplekse samelewing" en die bestaan van allerlei skeidings- en verskille, byvoorbeeld "geografiese skeidings, verskille tussen geleerdes en minder geleerdes of ongeletterdes, sosiaal-ekonomiese onderskeidings, belangegroepe, leeftydsverskille, ... kerkverband", ensovoorts. Die taalvorm van die vertaling moet vir die grootste moontlike deel van die taalgebruikers verstaanbaar en aanvaarbaar wees. Elders (Groenewald 1975:18-9) verwys hy na "toenemende sekularisme", wat hy toeskryf aan 'n verwydering tussen Bybeltaal en hedendaagse omgangstaal. "Hedendaagse Afrikaans", gedefinieer in terme van die teikengroep, is dan vir hom "die taal van die daaglikse lewe van mense van gemiddelde ontwikkeling en beskaafde lewenspeil". Verhoef (1983:6) meld ook dat vertalers gestreef het na onmiddellike verstaanbaarheid vir "die gemiddelde leser van alle ouderdomsgroepe, binne en buite die kerk". Vandat met Afrikaanse Bybelvertalings begin is, het die teikengroep dus gewissel van die minder ontwikkelde lae van die samelewing tot die konserwatiewe Christen-Afrikaner tot die gemiddelde (selfs gesekulariseerde) Afrikaanssprekende.

## 5.2 Reaksie van die leserspubliek

Wat die reaksie op verskillende vertalings van die Bybellesende publiek betref, is die volgende stelling van E.A. Nida (1964:13) beslis op die plaaslike situasie van toepassing:

"Any departure from past tradition not only brings criticism from those who retain their preference for the old ... but also inevitably raises questions for and from those who are justifiably confused by differences of translation."

Deur uit die grondteks te vertaal en van die tradisionele Bybeltaal van die Statebybel weg te breek, het S.J. du Toit teenkanting ervaar (Rautenbach 1980:65); die verskille tussen die nuwe vertaling en sy voorganger ontlok vandag vrae aan die publiek.

Reeds in S.J. du Toit se tyd is 'n konserwatiewe reaksie gevrees; dit het nie uitgebly nie. Uiteraard beskou die vertalers in die tweede tydperk toe 'n blote verafrikaansing van die Statebybel as "veilig". Reaksies hierop

(P.J. Nienaber 1949:8) was egter dramaties: eers word die oplaag van 70 000 blitssnel uitgeput --- oënskynlik 'n goeie teken --- maar daarna moet die vertaling hewige kritiek verduur, onder meer uitlatings van H.C.M. Fourie oor die "stompstert Hollands" en van C.J. Langenhoven wat die taalgebruik daarvan beskryf as "'n plat taal --- regtigwaar, 'n kombuistaal", waar 'n mens "taalgevoel, letterkundige smaak, klankbesef," ensovoorts sou verwag het (Groenewald 1975:10-1). Hierdie reaksie is algou deurslaggewend om die vertalers terug te laat keer na wat S.J. du Toit se benadering was, naamlik om die grondteks regstreeks te vertaal. In die voorwoord tot die proefuitgawe van 1929 probeer die vertalers 'n volgende vlag kritiek besweer deur die leser te maan om hom die tyd te gun om "die nuwe, en dus enigszins vreemdklinkende terme gewoon te word" (P.J. Nienaber 1949:22). Al wissel die kritiek op die 1933-vertaling van "te rewolusionêr tot te Nederlands" (Uys 1983:244) is dit nietemin 'n sukses en word dit 50 jaar lank gebruik.

Wat die nuwe vertaling betref, wys P.A. Verhoef (1983:6) daarop dat "die meeste letterkundiges ... probleme (het) met die beelde wat weggelaat is". Op die kritiek wat teen die vertaling ingebring word, antwoord die vertalers meestal deur daarop te wys dat "verstaanbaarheid" die hoogste prioriteit was.

## **6 Die normatiewe implikasies van vertaalteorie en -opvattinge**

Die vertaalnorme wat in die verskillende vertalings gegeld het, het telkens die uiteindelijke vormgewing van die Afrikaans van die teks in 'n hoë mate bepaal. Twee stelle norme staan veral teenoor mekaar: dié van J.D. du Toit en sy medevertalers, en die dinamies-ekwivalente metode van E.A. Nida, wat hoofsaaklik deur die vertalers van die 1983-vertaling gevolg is.

In J.D. du Toit se benadering speel gesag of genormeerdheid 'n primêre rol: selfs sy vertaalteorie het 'n gesagsbasis. Dit kan soos volg getipeer word:

(a) Volgens Du Toit was "soveel molik 'n letterlike oorsetting van die Heilige Skrif" die primêre vereiste wat aan hom gestel is (P.J. Nienaber 1934:122). Die vertaler moes die "Oosterse konkrete spreekwyse" --- wat tewens as 'n verryking van ons godsdienstige taal gesien is --- behou (Keet 1951:13). J.D. Kestell (1948:65), een van die vertalers, gee in 'n huldigingsartikel vir Du Toit die gees van die vertaler van destyds se vertaalmetode weer:

"Geen interpretasie moes dit wees nie, maar letterlike vertaling. Met eerbied moes die Woord van God benader word. ... Wat staan daar geskrywe? dit moes hy letterlik oorbring in ons taal ... tog só dat dit geen Hebreeus-Afrikaans moes wees nie ..."

(b) Du Toit motiveer die letterlike navolging van die grondteks met verwysing na die feit dat dit ook die prosedure van die Statevertaling was:

"Die Statevertalers het hulle aangesluit by 'de manieren van spreken der Hebreëuwen en Grieken'." (P.J. Nienaber 1934:22)

(c) Ook in die vormgewing aan die Afrikaans moet die Statevertaling 'n primêre rol speel want daar "moet soveel moontlik met die Statevertaling rekening gehou word" (P.J. Nienaber 1934:121-2). Hierdie navolging is so belangrik dat daar van alle afwykings van die Statevertaling ter wille van die wetenskaplikheid rekenskap gegee moet word. Daarom doen Du Toit vervolgens 'n aantal meganiese vertalingsprosedures aan die hand. By implikasie word deur hierdie navolging ook die verheuenheid van die taal gewaarborg: B.B. Keet sê in sy 1914-lesing (P.J. Nienaber 1934:92) dat deur uit die Statebybel te vertaal "daar ook aan niemand aanstoot gegee (kan) word nie, want ons behou die verhewe Bybelse taal".

(d) Die kultivering van die skone in die vertaling herlei Du Toit uit Bybelse inhoude; Venter (1953a:14) haal hom aan waar hy oor die skoonheid van die Bybel skryf:

"Sion is skoon, omdat God leef in 'n ligglans. Die Bybel is skoon, want dit is die Woord van dié God wat in heerlijkheid woon."

Die resultaat is 'n teks wat dikwels mooi, altyd verhewe en vol "Oosterse koloriet" is, maar om dié rede soms die aandag van die boodskap kan aftrek, en meermale onverstaanbaar of misleidend is omdat beelde behou is wat anders geïnterpreteer moet word as wat die "gemiddelde Afrikaanssprekende" geneig sou wees om te doen. Dat die resultaat nie altyd goeie Afrikaans is nie, blyk uit die Akademie se klagte (P.J. Nienaber 1949:28) dat dit vir die vertalers nie om Afrikaans gaan nie, maar om die weergee van die oorspronklike teks. Die probleem met hierdie soort vertaling is dat daar 'n aantal norme is waaraan gelyktydig voldoen moet word sonder dat hulle relatiewe belangrikheid ten opsigte van mekaar gespesifiseer word.

Kenmerkend van die dinamies-ekwivalente metode van vertaling is dat daar 'n sleutelnorm is waaraan die taaluitset, die vertaling, moet voldoen, naamlik duidelikheid of verstaanbaarheid --- begrippe wat reeds by die eerste Afrikaanse vertalers 'n rol gespeel het en selfs by Luther:

"Luther deserves full credit for having sensed the importance of full intelligibility". (Nida 1964:14)

Volgens Fensham (1978:38) moet die vertaling ten eerste verstaan word --- selfs onmiddellik verstaan word. Die hoogste vertaalnorm stem trouens ooreen met die hoogste norm wat vir kommunikasie gestel kan word:

"Speaker, express yourself in such a way that what you say is recognizable and interpretable to the hearer ..." (Bartsch 1982:73)

Odendal (1974:65-6) stel as absolute of universele taalnorm dat "die spreker moet uitdruk wat hy wil uitdruk, nie iets anders nie". Dat dit in kommunikasie om 'n hiërargie van norme gaan, blyk uit Bartsch (1982:74) se stelling dat waar die hoogste norm deur die toepassing van 'n ander norm 'in gevaar gestel word, korrektheid ten opsigte van die spesifieke taalkundige norme ondergeskik is aan korrektheid met betrekking tot die hoogste norm. Die volgende opmerking van Verhoef (1983:6) dui ook op 'n hiërargie:

"Dit gaan ten slotte nie om die letterkundige skoonheid van die Bybel nie, maar dat sy boodskap, tot heil van die leser, verstaan sal word."

Die dinamies-ekwivalente metode hoef nie hier uiteengesit te word nie; dit kom (volgens Fensham (1978:39)) kortliks daarop neer dat "met moderne taalkundige metodes gepeil word na wat die oorspronklike wil sê" en daarna "in die ontvangertaal gesoek word na 'n geskikte uitdrukking om daarmee die taalidoom van die oorspronklike taal weer te gee". Hieruit volg allerlei implikasies vir die taalgebruik in die vertaling. Die eis van "complete naturalness of expression" (Nida 1964:159), of, soos Oberholzer dit stel: "'n Vertaling is geslaag indien die individuele woorde wat gebruik word, onopvallend is" (Van der Linde 1983:5) --- sodat die aandag naamlik nie van die boodskap afgetrek word nie --- bring mee dat natuurlike, idiomatiese (nóg verhewe, nóg plat) Afrikaans gebruik moet word. Die gebruik van een woord (byvoorbeeld vleis/vlees) as vertalingsekwivalent van 'n bepaalde woord in die oorspronklike (sarx), wat Fensham (1978:40) die idiolekte

metode noem, word onaanvaarbaar. Aangesien die teikengroep gemiddeld of selfs nie-kerklik kan wees, moet verouderde of infrekwente woorde (byvoorbeeld barmhartigheid, goedertierenheid) vermy word (Groenewald 1969:203). In werklikheid het die styl van die grondteks nou die norm vir die styl van die vertaling geword --- soos Deist (1958) dit stel:

"Mense reken die Bybel moet statig en effe hoogdrawend wees, maar die Hebreeus en Grieks wat daar gebruik is, was die Hebreeus en Grieks van die alledaagse lewe, dieselfde taal wat ons in alle literatuur van daardie tyd vind."

## **7 Die norm van 'n ander taal**

In Afrikaanse Bybelvertalings kan 'n ander taal op twee maniere 'n normatiewe rol speel:

(a) Die vertaler kan hom in die produksie van sy Afrikaanse teks gebonde ag aan die formulering van die teks waaruit hy vertaal --- selfs tot nadeel van aanvaarbare of verstaanbare Afrikaans. Dit kan die grondtale van die Bybel, Hebreeus of Grieks, wees maar ook die Nederlands van die Statevertaling, wat byvoorbeeld vir die 1922-vertaling as grondteks gedien het.

(b) Die vertaler kan in sy poging om aan Afrikaans vorm te gee invloede van 'n ander taal duld of toelaat. Dit gaan hier hoofsaaklik om Nederlandse invloed op die Afrikaanse idioom --- iets wat ook buite die Bybelvertalings om merkbaar is (Uys 1983) oor die vernederlandsing van Afrikaans). Dié twee aspekte kom in par. 7.1 en 7.2 aan die orde.

### **7.1 Die formulering in die brontaal dien as norm vir die vertaling as teks**

In die uitgebreide kommentaar by sy vertalings motiveer S.J. du Toit soms bepaalde uitdrukkings as synde 'n goeie weergawe van die oorspronklike, byvoorbeeld in Gen. 1:2 (S.J. du Toit 1889) --- "di Gees van God was and'broei op di angesig van di waters" --- gee and'broei "beter di krag van di Hebreuse woord terug as sweefde in onse Statevertaling". (Vergelyk ook die vertalings "al etende sal jy eet" en "al sterwende sal jy sterwe" uit Gen. 2:16, 17 in die 1893-vertaling).

Op die feit dat J.D. du Toit en sy medevertalers hulle letterlik aan die grondteks gehou en so ver moontlik ook die formulering van die Statevertaling gevolg het, is reeds gewys. Die volgende staaltjie van Du Toit (1953:45) is simptomaties van die gesag wat selfs 'n moderne Nederlandse vertaling gedra het: Nadat 'n bepaalde soort sprinkaan as **kaalvreter** vertaal is, is dié benaming tydens die hersiening in verslinder verander omdat eersgenoemde "nie eintlik mooi klink nie". Daarna het die Nederlandse vertaling toe egter **kaalvreter**. "Derhalwe het ons teruggeval op die oorspronklike benaming."

Daar is duidelike aanduidings dat die navolging van Nederlands 'n gevolg was van die strewe na "verhewenheid". So sê Venter (1953b:133) dat daar in die Bybelvertaling "willens en wetens weggebeur (is) van die Nederlands, waardeur soms die verhewenheid van die styl geskaad is" en in verband met die 1953-hersiening dat soms "met vrug teruggegaan (kon) word na die Nederlandse 'verhewenheid'" (Venter 1958:13).

## 7.2 'n Ander taal dien as norm vir Afrikaans in die vertaling

Odendal (1974:72) beskou die opvatting dat een taal se norme vir 'n ander sou geld as "volkome foutief", selfs "onsinnig": elke taal het immers sy eie struktuur. Vir Mackay (1980:351) is "cross language analogies ... easily recognized as fallacious"; hy vind selfs analogieë binne 'n taal of binne een subsisteem van 'n taal onbetroubaar waar uitsluitel gesoek word in 'n normatiewe kwessie. 'n Vroeë insig in hierdie beginsel vind ons miskien by L.J. du Plessis, die sekretaris van die Bybelvertalers, wat in 1927 die mening uitspreek dat die oorname van gekte uitdrukkings soos **Soon des Mensen** nie, soos sommige geglo het, 'n verryking van die Afrikaanse godsdienstaal is nie maar veel eerder 'n "erbarmlike en onnodige openbaring en bestendiging van armoede" (P.J. Nienaber 1949:25).

Die Bybel is 'n teks wat uiteraard inhoudelik 'n religieuse fokus het; dit is dan ook nie verbasend dat taalvoorskrifte meermale juis hierdie terrein geld nie (vergelyk ook *thou*, *thee*, *thy* in Engels en die Latynse naamvalle vir *Jesus* en *Christus* in Duits). Deurdat verouderde grammatikakategorieë soos die genitief en die konjunktief in die vertalings behou is, het die Bybeltaal 'n hibriediese karakter gekry. By S.J. du Toit (1889) kom ons gevalle teë (nie almal in die vertaling self nie) soos **di Handelinghe der**

Apostele; Sauls Nagedagtenis; Absalom werp sig op as Koning; Geloofd zij Jehova; Moses, di man Gods.

Keet (1951:115) stel dit onomwonde dat daar woorde is

"wat om hulle godsdienstige gebruik vanself die meer behoudende vorm aanneem, soos: 'onsg Vader', 'onsg Here', 'onsg God'. Gelyke uitdrukkings soos 'om Christus wil', 'Gods naam', 'Gods koninkryk' word behou."

Dit is in werklikheid 'n netelige probleem of 'n bepaalde woord of uitdrukking uit die Statebybel daarin geslaag het om burgerreg in Afrikaans te verkry of nie. Deurdat sekere Nederlandse woorde en uitdrukkings uit die Afrikaanse Bybel moes verdwyn, vind P.C. Schoonees (1958:59) --- soos sommige ander taalmense --- dit "te betreure dat ons taal verarm word deurdat sinswendinge wat ons van kindsbeen af geken en gebruik het vir die jonger geslag onbekend bly". Hy neem egter 'n uiterste standpunt in deur te vra of by 'n hersiening van die Bybel "party welbekende Nederlandse gesegdes nie in ere herstel behoort te word nie" --- uitdrukkings "wat nog lewe in die mond van die volk en onteenseglik ons eie is".

## 8 Afrikaans word self norm

Tussen Afrikaans as taal en 'n Afrikaanse Bybelvertaling as teks is wedersydse normering moontlik:

(a) In hulle vertaalwerk kan vertalers hulle deur die norme van "goeie Afrikaans" laat lei.

(b) Die taalvorme wat in 'n invloedryke teks soos 'n amptelike Bybelvertaling voorkom, het 'n normatiewe uitwerking op die leserspubliek (vergelyk par. 3 hierbo).

Albei verhoudings het dwarsdeur die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling voorgekom: enersyds word van vroeg af na 'n Afrikaanse Bybelstyl of 'n vertaling in die omgangstaal gestreef; andersyds wys S.J. du Toit (1889:11) reeds daarop dat "di Bybelvertaling ... di taal tot eenvormigheid (breng)" en sê Venter (1953b:131) later dat die Bybeltaal "'n norm word waarop die gebruikers van die taal hulle beroep".

Neem ons die hele vertalingstydperk in oënskou, dan kan ons 'n geleidelike klemverskuiwing vanaf 'n situsaie waarin (b) deurslaggewend is na een waarin (a) deurslaggewend is, waarneem. Na 1922 het die vertalers volgens Rautenbach (1980:565-6) "daarin geslaag om bepaalde, bestaande en erkende taalverskynsels van Afrikaans sinvoller toe te pas", byvoorbeeld "die meervoudsreëls van Afrikaans, die verbuigingsreëls van die Afrikaanse adjektief, ... die uitskakeling van die gebruik van die plusquamperfectum, van die oorbodige buigings-e by adjektiewe ..." Origen's kan opvatting oor wat "Afrikaans" is, soms uiteenloop. Waar Keet (1951:13) die standpunt stel "dat 'n Bybelvertaling in die suiwer volkstaal moet kom en alle vreemde woorde moet vermy", is kaptein, offisier en sipier van die "vreemde woorde" wat hy uitskakel. (Hierteenoor gebruik die nuwe vertaling woorde soos **menstrueer**, **homoseksueel**, **korrupt**, **rebellieër**, **parfuum** en **patrolleer** in 'n poging om gewone Afrikaans te besig.)

Terwyl die nuwe vertaling voorberei is, het die opvatting meermale na vore gekom dat Afrikaans ook 'n veranderende entiteit is, wat van tyd tot tyd wysigings in die vertaling en na elke generasie of twee 'n nuwe vertaling sal nodig maak (vergelyk onder meer (Van Zyl 1970:50) en (Groenewald 1975:5)). Ook W. Kempen (1978:54) wys daarop "dat die moderne tale waarin vertaal word, self ook verander". Oor hierdie veranderlikheid kan twee opmerkings gemaak word:

(i) Die verandering is dikwels slegs skynbare verandering: dit wat vervang of uitgeskakel word, is meermale reëls uit die Statebybel. Van Zyl (1970:50) wys byvoorbeeld daarop dat woorde soos **welgevalle** (of **welbehae**) en **goedertierenheid** destyds uit die Nederlandse Bybel oorgeneem is "omdat die Bybellesers daarmee vertrouwd was".

(ii) Die gevoeligheid vir verandering verraaai minstens 'n gewilligheid by vertalers om vas te stel (soos Luther op die markplein gedoen het) wat werklik as korrekte, eietydse Afrikaans geld.

Oberholzer (Van der Linde 1983:5) meld dat "die vraag wat hedendaagse Afrikaans is, ... een van die groot strydpunte binne die kommissie (was). ... Hulle moes besluit wat is moderne Afrikaans --- donkie of esel, pa of vader, ens. ..." "Woorde soos wonderlik en heerlik is deesdae van toepassing op roomys en popmusiek..." Die kwessie van die vinnige ontwikkeling van die lewende taal word ook in 'n hoofartikel in **Beeld** (12 September 1983) aangeraak. Daar word onder andere op gewys dat omdat vertalers dik-

wels "gevorderd in jare" is, "die gevaar groot (is) dat die taal wat hulle gebruik, reeds 'n geslag of meer verwyderd is van die taal wat die deursnee Bybelleser vandag gebruik".

## **9 Norminhoud: klassifikasie en voorbeelde**

### **9.1 Status van die norm**

In die literatuur oor die Bybelvertalings is dit oor die algemeen nie maklik om tussen norm, voorskrif, beleid, ideaal, riglyn, wenk, ensovoorts te onderskei, dit wil sê om die status van die verskynsel te bepaal nie --- "norm" word hieronder as dekterm gebruik. As Oberholzer (Van der Linde 1983:5) byvoorbeeld sê: "Die -s-uitgang is merendeels verkies bo die -e-uitgang, omdat dit die neiging in Afrikaans is", is dit nie bekend of die toepassing hiervan voorskriftelik gereël is (en of die normbron 'n stuk navorsing, 'n ingeligte mening of "taalgevoel" is) nie. Sommige taalverskynsels --- wat ook aan meer as een realiseringsmoontlikheid onderhewig is --- word byna nooit by name genoem nie, byvoorbeeld die gebruik van tydsvorme (maar vergelyk (P.J. Nienaber 1949:36-7)). Die meeste voorbeelde hieronder is uit J.D. du Toit se alfabetiese woordelys afkomstig (in P.J. Nienaber 1949:42-6) en word met "DuT" aangedui.

### **9.2 Normbron nie genoem**

Mackay (1980:350) wys daarop dat goeie normering slegs teen die agtergrond van genoegsame relevante linguistiese gegewens kan geskied:

"By ignoring linguistic knowledge, prescriptivism has remained narrow, uninformed, and unprincipled".

In die geval van die Bybelnorme word nooit na so 'n normagtergrond of -bron verwys nie, wel af en toe na die menings van taaladviseurs. Vermoedelik is aangeneem dat die taaladviseurs se deskundigheid verdere verwysing na die Afrikaanse taalkundeliteratuur onnodig maak. Omdat die Afrikaanse taalkunde self ook nog aan die ontwikkel was (en is), moet aangeneem word dat normering dikwels plaasgevind het sonder dat die nodige navorsingsinligting beskikbaar was.

### 9.3 Norme deurloop stadia

In die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertalings het sommige norme verskillende ontwikkelingsstadia deurloop:

- (a) 'n stadium waarin daar nog geen bewussyn van 'n bepaalde verskynsel en dus geen norm is nie;
- (b) 'n stadium waarin 'n probleem geïdentifiseer is en normering plaasvind; en
- (c) 'n stadium waarin stabilisering of standaardisering ingetree het en normering gestaak is.

Eensyds het die kwessie van die toevoeging al dan nie van -s in die meervoud in *gevangenes*, *godeloses*, ensovoorts nog 'n rol gespeel ten tyde van die 1933-vertaling (P.J. Nienaber 1949:29) maar tydens die totstandkoming van die 1983-vertaling nie meer nie; andersyds het die spelwyse van klassieke eiename juis in laasgenoemde tydperk 'n normatiewe kwessie begin word.

### 9.4 Normaard en aanverwante dimensies

Norme kan verpligtend (DuT: "Omhels: i.p.v. om die nek val") of opsioneel (DuT: "Maagd: ook te gebruik vir jonkvrou") wees --- dit staan bekend as die normaard of -karakter (Bartsch 1982:62). Norme kan positief (DuT: "Mos: Ek het hom mos uit die water getrek") of negatief (DuT: "Vele: Vele nooit gebruik nie") wees. Norme kan wisselende grade van algemeenheid aanneem (Bartsch 1982:66). Van die meer algemenes in DuT se lys is: "Samestellinge wat ongewoon is, liefs met koppeltekens, veral as tweede lid met vokaal begin ..." (enkele voorbeelde gegee). "Liefs" maak die norm minder absoluut --- nog 'n dimensie waarop norme kan beweeg.

### 9.5 Skryftaal- teenoor spreektaalnorme

Bartsch (1982:54) wys daarop dat ter wille van die vereiste van stabiliteit in die skryftaal, daar ten opsigte van die skryftaal onder meer "a more strongly developed consciousness of the norm and a stricter notion of

obligatorines" sal bestaan as ten opsigte van die spreektaal. J.D. du Toit se aanwysing (vergelyk Nienaber 1949:41) dat die "onsamegetrokke" vorme dit is en net soos beter by die verhewe styl pas as dis en nes verraai moontlik 'n sekere ideaal vir die skrifbeeld van Afrikaans. 'n Verdere versweë veronderstelling wat ons teëkom, is dat die skryftaal altyd meer konserwatief as die spreektaal behoort te wees. D.F. Malherbe is byvoorbeeld teen die verdere verafrikaansing van Soon des Mensen: dit sou tot die "agterste-voor toestand" lei dat "die skryftaal verder ontwikkel sou wees as die spreektaal" (P.J. Nienaber 1949:24). "Skryf soos jy praat", die G.R.A. se spellingopdrag aan S.J. du Toit, is 'n vroeë poging om skryf- en spreektaalnorme nader aan mekaar te bring.

#### 9.6 Regionale variasie

Bartsch (1982:54) wys ook op die neiging om die skryftaal normatief teen "regional and social peculiarities" te beskerm. Regionalisme speel 'n minimale rol, maar vergelyk H.C.M. Fourie se bewussyn dat sy Afrikaans van dié van medevertalers verskil en sy poging om enkele "Transvaalismes" in te voer (P.J. Nienaber 1953b:35). 'n Dekterm vir sosiale eienaardighede tydens die Bybelvertalings is waarskynlik "platheid"; reeds in 1920 word besluit: "Platheid moet strikt vermy word in die vertaling" (P.J. Nienaber 1934:87).

#### 9.7 Genregevoelige norm

Die aanwysing: "Kus: in poësie, ens. (Ps 85:11): Soen in gewone prosa" van DuT dui op 'n normverskil wat met 'n genreverskil korreleer.

#### 9.8 Teenstrydige norme

Bartsch (1982:54) waarsku daarteen dat die skryftaalnorm die bestendiging van antisistematiese argaïsmes tot gevolg kan hê. Dit geld ook sekere voorgestelde Bybeltaalnorme. As J.J. Smith (P.J. Nienaber 1949:20) wat die (teenoor wat) oorweeg het as betreklike vnw. wat na Here verwys, sy sienswyse deurgevoer het, sou dié uitsondering die taalsisteem swaar belas het. In soverre Hem en Soon na God of Christus verwys het, is die sisteem wel enigszins belas. Die ontwil-konstruksie, wat eksplisiet bespreek is (P.J. Nienaber 1949:38) is nou nog onsistematies: om my vyand ontwil, maar \*om

hom ontwil. Terwyl vir vir Venter (1958:13) en Kempen (1978:53-4) 'n nuttige disambigueringsmiddel is, vind Smuts (1982:35) die getal vir's in die nuwe vertaling stilisties hinderlik. In die hersiening was daar 'n "groot-skeeps opruiming van die menigvuldige 'virs'..." (vergelyk Reet 1951:115). Die houding ten opsigte van vir het sterk gefluktueer van vertaling tot vertaling.

#### 9.9 Normering in verskillende linguistiese kategorieë

Voorbeelde van spellingnormering by DuT is: "Ouds: Van ouds af; drie woorde"; "Getalle: los te skrywe; alles. Maar sewen-en-twintig." Die inskrywing "Deuskant, nie duskant nie" normeer 'n keuse tussen wisselvorme, terwyl doebletvorming bevorder word deur 'n voorskrif soos: "Reuk: meer figuurlik; ruik meer letterlik." "Ge-: geprobeer, geopenbaar, geregeer" is 'n morfologiese voorskrif, en "Bid die Here of tot die Here" sintakties van aard. Aanspreekvorme, met name die gebruik van u, kom reeds in die opdrag aan S.J. du Toit en die vroegste besluite van die amptelike vertalers (P.J. Nienaber 1934:29-30, 82) aan die orde.

#### 10 Die belangrikste normeringsverskille tussen die vertalings

Vanaf Hoogenhout tot die 1922-vertaling het die keuse "vertaal uit die grondteks"/"vertaal die Statebybel" 'n belangrike rol gespeel; in al die pogings is of die een of die ander as uitgangspunt geneem en geëneem van hierdie vertalings het inslag gevind nie. Die 1933-vertaling is in werklikheid 'n kompromis tussen hierdie twee benaderings en is deur sy leerspubliek aanvaar. Die swaakteit van hierdie vertaling --- wat baie skoonheid gee maar baie begrip vra --- is daarin geleë dat die normatiewe faktore "weergawe van die grondteks", "getrouheid aan die Statevertaling", "idiomatiese Afrikaans" en selfs "duidelikheid" nie duidelik hiërargies georden was nie en die wisselwerking hiertussen in 'n hoë mate op die vlak van formele ekwivalensie geleë het. In die hersiening van hierdie vertaling is gestreef na "verhewener taal, suiwerder Afrikaans, normaler sinsbou, groter ritmiese verskeidenheid en meer variante (afwisseling in woordkeuse)" (Venter 1953b:133). 'n Sleutelkenmerk van die 1983-vertaling is dat dit op 'n wetenskaplike vertaalteorie wat oor baie dekades gestalte gekry en in talle vertalings beproef is, gegrond is. Die verstaanbaar maak van die grondteks op so 'n wyse dat nog die "kleurrikheid" van die grondteks nog

die Afrikaanse formuleringspoging die leser/hoorder se aandag van die boodskap aftrek, het duidelik as primêre norm gefunksioneer met alle ander norme ondergeskik daaraan. Omdat Afrikaans as sodanig intussen al 'n vaster vorm gekry het en die vertaling wat die taal betref nie eksplisiet genormeer is nie maar in 'n hoë mate aan die kundigheid en taalgevoel van een taaladviseur oorgelaat is, en omdat die metode van dinamiese ekwivalensie aan die vertalers meer speelruimte gebied het in hulle formulering en hulle bereid was om van die "mooie", "mistiese", "kleurvolle" en "verhewene" afstand te doen waar dit nie die verstaanbare dien nie, beskik ons tans oor 'n duidelike teks in vlot, idiomatiese, eietydse Afrikaans. Oor die feit dat die stelwyse van die Statebybel nou as norm volledig ontkrag is, sal niemand waarskynlik treur nie --- S.J. du Toit het reeds daarvan probeer afstap. Maar of die Bybel as teks op alle punte slegs kognitief verstaanbaar wil wees --- hieroor kan verder geredeneer word.

## BIBLIOGRAFIE

- Bartsch, Renate (1982) "The concepts 'rule' and 'norm' in linguistics", *Lingua* 58:51-81.
- Deist, F. (1985) "Beoordeel NAB in sy geheel, moenie net verse kritiseer", *Beeld*, 5 Februarie.
- Du Plessis, L.J. (1953) "Totius en die integrasie van die Afrikaanse Bybelvertaling", *Koers* 21:15-20.
- Du Toit, J.D. (1953) "Revisie van die Ou Testament soos in Afrikaans vertaal", *Die Huisgenoot*, 27 November:43, 45, 127.
- Du Toit, S.J. (1889) *Di Bybel in Afrikaans; dri proewe*. Paarl: D.F. du Toit.
- Du Toit, S.J. (1897) *Vergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Paarl: D.F. du Toit.
- Fensham, C. (1978) "Probleme met die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling", *Tydskrif vir Letterkunde*, Nuwe reeks 16(1):38-41.
- Genootskap van Regte Afrikaanders, Die (1876) *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal*. Kaap Kolonie.
- Groenewald, E.P. (1969) "Die nuwe Bybelvertaling", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 3 & 4:193-207.
- Groenewald, E.P. (1975) "Afrikaans as Bybeltaal", ongepubliseerde stuk: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Keet, B.B. (1951) "Hoe die Nuwe Testament hersien is", *Die Huisgenoot*, 30 November:13, 115-7.
- Kempen, W. (1978) "Uit die laboratorium van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling", in H. Snyman (red.): *Uit vier windstreke*. Goodwood: NASOU. (pp. 52-64)
- Kestell, J.D. (1948) "Bybelvertaler en Psalmberymmer", in P.J. Nienaber (red.): *Totius - digter en profeet*. Johannesburg: Afr. Pers-Boekhandel. (pp. 65-7)

- Mackay, D.G. (1980) "On the goals, principles, and procedures for prescriptive grammar: Singular they", *Language in Society* 9:349-67.
- Nida, E.A. (1964) *Toward a science of translating*. Leiden: E.J. Brill.
- Nienaber, G.S. (1962) *Die Afrikaanse taalverenigings: georganiseerde optrede in belang van Afrikaans*. Kaapstad, ens.: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. (1934) *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad, ens.: Nasionale Pers.
- Nienaber, P.J. (1949) *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, Deel II: 'n taalkundige oorsig*. Johannesburg: uitgegee deur die skrywer.
- Nienaber, P.J. (1953a) "Wat elke vertaler eintlik bygedra het", *Die Huisgenoot*, 28 Augustus:21, 24.
- Nienaber, P.J. (1953b) "Monumentale werk het ywer en opoffering geverg", *Die Huisgenoot*, 4 September:35-6.
- Odendal, F.F. (1974) *Aspekte van taal*. Kaapstad, ens.: NASOU.
- Rautenbach, W.P. (1980) "Die taal van die vier amptelike vertalings van die Evangelies in Afrikaans --- 'n woord- en morfologies vergelykende studie". Ongepubliseerde proefskrif, P.U. vir C.H.O.
- Schoonees, P.C. (1958) "Oor ons Bybeltaal", *Die Huisgenoot*, 30 Mei:59.
- Smuts, J. (1982) "Die taalkundige versorging van Die Nuwe Testament en die Psalms", *Standpunte* 35(6):33-6.
- Uys, Mariette D. (1983) "Die vernederlandsing van Afrikaans". Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Van der Linde, Ina (1983) "NAB gaan taal beïnvloed --- Oberholzer", *Die Kerkbode*, 2 Desember:5.
- Van Zyl, A.H. (1970) "Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling", *Die Huisgenoot*, 28 Augustus:49-55.
- Venter, H. (1953a) "Totius en die Bybelvertaling", *Koers* 21, Augustus:10-5.

Conradie 487

Venter, H. (1953b) "'n Afrikaanse Bybelstyl", *Koers* 21, Augustus: 130-4.

Verhoef, P.A. (1983) "Beleid met beeldspraak in Psalms", *Die Kerkbode*, 30 November: 6.